

Inhoud Hierdie preek wys dat die Heilige Gees die Gees is wat ons leer en rig volgens die Tien Gebooie en nie 'n gees van godserverings is nie. Die hele geestelikheid in die moderne wêreld skei die Heilige Gees van die Tien Gebooie.

Skriflesing Romeine 1:6. 17; 16: 25; 8: 1 – 4; 12 - 16

Teks Rom. 8: 14 “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.”

Tema Die Heilige Gees lei ons deur die wet van die Gees.

1. Lei die Heilige Gees ons met spirituele belewenisse of met die Tien Gebooie?

Die omvattende tema van die brief Romeine is dat Jesus Christus 'n nuwe soort gehoorsaamheid vir gelowiges skep. Paulus noem dit “geloofsghehoorsaamheid.” Hy stel in hoofstuk 1 vers 6 aan die begin van die brief dat Jesus Christus mense uit alle heiden volke tot geloofsghehoorsaamheid bring en sluit die brief af met 16 vers 26 met die stelling dat deur die openbaring van wie Jesus Christus is kom alle nasies tot geloofsghehoorsaamheid. Hierdie nuwe geloofsghehoorsaamheid stel Paulus ook dan in hoofstuk 1 vers 17 as die sentrale tema van die hele brief: “Die regverdige op grond van sy geloof sal hy leef”, bedoelende gehoorsaam leef.

Dwarsdeur die brief stel Paulus in kontras met die geloofsghehoorsaamheid van Christene die wetsonderhouding van die Jode. Die Jode is nie met geloofsghehoorsaamheid besig nie. Hulle is met die werke, dade of uitvoering van die wet van God besig sonder geloof in Jesus Christus en sonder gehoorsaamheid. Dit is die deurlopende kontras deur die brief – die geloofsghehoorsaamheid van die kerk van die Here teenoor die wetsonderhouding van die Jode, en daarom van al die kultusse van die wêreld.

In Rom.1 tot 6 beskryf Paulus hoe Jesus Christus ons regverdig maak. Dit is iets anders as om net ons sondes te verskoon of oor te sien, en meer as om net hemel toe te vat, ons nie straf of te veroordeel nie. Christus maak ons regverdig sodat ons vir God altyd regverdiges is.

2. Dit is hoe die profete die heerskappy van die Christus soos in Jesaja 9 aangekondig het. Ons hoor dit elke Kersfees. 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee. Die heerskappy is op sy skouers. Hy word genoem Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. Hy sal op die troon van Dawid sit en reg en geregtigheid vestig en in standhou vir sondaars.

Só is Jesus Christus die Here wat ons vir God regverdig maak sodat ons vir God altyd regverdiges is.

Jesaja kondig aan dat die Christus reg en geregtigheid sal vestig en instandhou. (Jes. 9: 6) Reg is dit wat reg is volgens die Tien Gebooie. Geregtigheid is liefde volgens die Tien Gebooie. So wys Rom. 1 - 6 dat Jesus Christus ons regverdig maak vir God se liefde. Hy het ons as regverdiges lief – en Hy laat ons gebroke, halwe,

Die Heilige Gees lei ons deur die wet van die Gees

skewe en onvolkome liefde vir Hom volkome reg wees. Dit doen die Here deur ons in te sluit en te verenig met wie Hy as mens in die hemel is. So maak en laat Hy ons en ons liefde vir God reg wees – sy geregtigheid is myne en my ongeregtigheid is Syne. Dit bewerk die Here met sy lyding en opstanding en so is ons net deur ons geloof in die Here geregverdig vir God se liefde.

Wat is geloofsgehoorsaamheid?

Dit is gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie wat Jesus Christus deur sy reg en geregtigheid wat Hy in standhou vir ons anders laat werk.

Rom. 8:2 maak die onderskeid tussen die wet van die Gees en die wet van sonde en dood. Hoe werk die wet van die Gees?

Dit is hoe die wet werk binne die verbondsbeloftes wat die Here vir ons vervul soos openbaar in Eseg. 36: 24 – 28. Dit is die wet waar die Here jou altyd reinig van die sondes wat jy doen, altyd die sonde neiging om God te wil beleef (afgodsdienste) uit jou hart wegvat, jou verharde houding en wil teen God vermurwe, in jou 'n hart en wil gee wat God wil liefhê en sy Gees in jou gee om ingesluit en deel van sy liefde, goedheid, barmhartigheid en lankmoedigheid as God te wees, en so te maak dat jy sy wet wil gehoorsaam. Dit is die wet van die Gees en geloofsgehoorsaamheid is om binne hierdie vervulde beloftes van God sy wet te gehoorsaam.

Die wet van die Gees in Rom. 8: 2 werk volgens Rom. 8:1 – dit is die Tien Gebooie waarin daar geen veroordeling is vir die sondes wat ek doen of die sondige neigings in my nie. Geloofsgehoorsaamheid is om die wet te gehoorsaam in die geloof daar is geen veroordeling vir enige sonde wat ek doen of neiging wat ek het nie – want ek en my liefde is deur God vir God se liefde geregverdig.

3. Wat is en hoe werk die wet van sonde en dood?

Die wet van sonde en dood is net wat dit sê. Dit is die Tien Gebooie wat só werk – as jy sonde doen, dan word jy gestraf, as jy die wet van God oortree veroordeel Hy jou en as jy Hom nie volgens die wet reg lief het nie, dan verstoot Hy jou. Dan is jy dood vir God en sy liefde.

So is die wet van sonde en dood ook die wet van die Jode se wetsonderhouding, werke of daede van die wet. Want hulle probeer juis om deur wetsonderhouding, hulle bekerings, hulle oorgawes, hulle onderwerping en liefde volgens God se wet hulle vir God en sy liefde regmaak.

Paulus stel die kontras tussen die wet van die Gees en die wet van sonde en dood, dit is geloofsgehoorsaamheid en wetsonderhouding, in hoofstuk 8 as die kontras tussen die leiding deur die Heilige Gees en die leiding deur jou sondige natuur.

Die Heilige Gees lei gelowiges met tien Gebooie wat werk as die wet van die Gees. Deur die Tien Gebooie wys ons tereg, wys Hy ons wat is regte liefde en nie net ons sondige begeertes nie en spreek Hy ons aan oor hoe ons moet leef. Dit is die wet van die Gees omdat die Heilige Gees ons in hierdie leiding vir geen sonde ooit veroordeel nie (Rom. 8:1), ons teregwys, aanspreek en koers gee as mense wat vir

Die Heilige Gees lei ons deur die wet van die Gees

God se liefde reg en regverdig is, ten spyte van al ons gebreke en moedswilligheid, en ons lei deur ons in te liefde van God in te sluit.

Die absurde van mense se sondige natuur is dat hulle nie deur die Gees met die wet van die Gees gelei wil word nie. Mense wil van nature (sondige natuur) deur die wet van sonde en dood gelei word. Hulle wil glo God werk met hulle met die wet van sonde en dood.

Ons kan dit met die natuurlik optrede van kleuters vergelyk. Wat doen kleuters wanneer jy hulle stop om iets verkeerd te doen en hulle tereg wys? Hulle begin gewoonlik dadelik hartstogtelik huil? Waaroor? Omdat hulle glo jy is kwaad vir hulle, het hulle nie lief nie, gaan hulle straf, en as hulle tieners is glo hulle jy verstaan hulle nie en julle het nie meer 'n goeie verhouding nie. Hulle wil glo dat jy met hulle met die wet van sonde en dood werk, net omdat jy hulle tereg wys en stop in hulle kwaad. So glo mense in hul sondige aard dat God met hulle met die wet van sonde en dood werk, wanneer God hulle deur die Gees met die wet van die Gees lei. Hulle wil dit so hoor en glo! Nes kinders met ouers! Hulle wil tereg wysing hoor as liefdelose veroordeling en straf omdat hulle nie tereg wys wil word nie.

4. Wat wil kleuters nie glo nie wanneer jy hulle in hul beplande kwaad stop en hulle tereg wys sy nie? Hulle wil nie glo dat jy hulle liefhet nie, dat hulle vir jou liefde altyd reg is nie, dat jy nie kwaad en grimmig met hulle is nie, dat jy goedhartig en besorg is oor hulle nie en as hulle tieners is, wil hulle nie glo dat daar niks fout in julle verhouding is as jy hulle tereg wys nie.

Hoekom wil hulle dit nie glo nie? Daar is net een rede! Want jy stop hulle in hul kwaad en wys hulle tereg en hulle wil dit nie hoor nie. Daarom maak hulle jou tereg wysing vir hulle self die wet van sonde en dood – net omdat hulle wil kwaad doen. Van hierdie houding gee Paulus in Rom. 7 'n volledige uiteensetting.

Hoe lei die Gees ons as kinders van God met die wet van die Gees? Hy lei ons om die Tien Gebooe só te hoor: “Abba, Vader! My Vader, ons Vader!” (rom. 8: 15, 16) Ons hoor god se tereg wysings in sy wet as die tereg wysing van ons Vader wat ons liefhet en vir ons met al ons foute volkome regverdig is, omdat Hy ons vir Hom self regverdig maak. Ons hoor die wysheid van die wil van ons Vader in sy wet en ons hoor die dwaasheid van ons sonde in sy wet. So lei die Gees ons met die wet van die Gees deur aan ons “in Christus Jesus die lewe van 'n kind van God te gee” (Rom. 8:2)

Omdat ons verseker is daar is nooit enige veroordeling vir ons sonde in Christus nie en daar is geen fout met ons verhouding met God nie, Hy laat ons vir sy liefde geregverdig wees, hoor ons die Tien Gebooe as die wonderbare raad van ons Vader wat ons Wonderbare Raadsman is, as die wil van ons Vader wat die Magtige God is wat ons sy kinders maak en as sy kinders laat wees, as Vader wat ons altyd in sy liefde laat leef as ons ewige Vader en wat ons in die vrede van sy wil as ons Vredevors laat leef. (Jes. 9: 5)

So lei die Gees ons in geloofsgehoorsaamheid. In die geloof dat ek is reg en regverdig vir God se liefde hoor ek God as Vader wat my aanspreek en gehoorsaam ek Hom in die liefde wat Hy as my Vader vir my het. Ek kan nie van God se wil vir myself die wet van sonde en dood maak, wanneer Hy my oor my sonde aanspreek

Die Heilige Gees lei ons deur die wet van die Gees

nie. So roep Paulus ons op tot geloofsgehoorsaamheid: “Daarom dan broers, het ons ‘n verpligting – maar nie teenoor ons sondige aard, om daarvolgens te leef nie.” Ons is verplig om God as ons goeie en liefdevolle Vader te hoor wanneer sy Gees ons met die wet van die Gees lei.

5. Die Pinkstergeestelikheid dwarsoor die wêreld skei die Heilige Gees van die Tien Gebooie.

Met hierdie skeiding maak hulle die Heilige Gees die gees van goddelike belewenisse. So maak hulle ‘n gees op wat jou kamstig lei deur die geestelike ervarings waarin jy God se lewe, krag, mag, wil, outoriteit en voorsienige beskikking beleef asof dit jou eie is.

Hierdie leiding deur ‘n goddelike gees vir goddelike ervarings vervang die leiding van die Heilige Gees deur die wet van die Gees in mense se lewens. Die verwrongheid van hierdie goddeloosheid is dat God jou nie meer deur die Tien Gebooie in geloofsgehoorsaamheid lei nie, maar jou weerspanning teen sy wet met goddelike belewenisse beloon!

Dit is soos met kleuters! Wat doen kinders as hulle huil omdat jy vir hulle gesê het hulle mag nie koeldrank kry nie? So dwing en manipuleer hulle die ouers om hulle te beloon met ‘n koekie, roomys, ‘n videospeletjie, ‘n uitstappie of speel by ‘n maatjie omdat hulle nie gehoorsaam wil wees nie.

So ontnem hulle jou die eer as die liefdevolle ouer wie se wette hulle moet gehoorsaam wees, en maak jou die ouer wat met belonings moet bewys dat jy nie kwaad is, liefdeloos is, hulle wil straf en veroordeel nie, en met wie jy ‘n swak verhouding het, net omdat jy hulle tereg wys. Hulle ontnem jou jou gesag as liefdevolle ouer om hulle te mag aanspreek en tereg wys met hulle mag wil om te doen wat hulle wil – jy sal hulle ongehoorsaamheid beloon met lekkernye en traktering!

Die Pinksterongeloof leer in christelike kerke wêreldwyd, dat as jy nie die wet van God gehoorsaam nie, God jou sal doop en vervul met sy goddelike kragte en mag. Jy moet net aanhou kerm en daarop aandring tot dat God dit vir jou gee.

Ons as gelowiges volg die leiding van die Heilige Gees. Ons hoor die Tien Gebooie waarin die Heilige Gees ons lei as die wil van ons Wonderbare Raadsman, ons Magtige God, ons ewige Vader en ons Vredevoers wat ons nooit vir enige sonde of begeerte veroordeel nie. (Rom. 8:1) Ons volg nie die gees wat ons weerspanning teen God se wet (ons sondige natuur) beloon met koekies en koeldrank nie. Ons is kinders van God, geloofsgehoorsaam aan die wet van die Gees!